# PROSPECTUS

## SPIRITWALK BIBLE COLLEGE

7/1/2010



Past. Ben & Letasha Beyneveldt
079 631 9660
079 418 7665






SPIRITWALK BIBLE COLLEGE knowledge gives responsibility BIBLE COLLEGE knowledge gives responsi JESUSlzx fghjklzx cvbnmq vbnmq wertyuio vertyuio JESUS LOVE YOU …. GOD IS GOODjk dfghjkl zxcvbnr xcvbnm qwertyu wertyui opasdfg fghjklz xcvbnm cvbnmq wertyui F knowledge gives responsibility JESUS IS THE-- FATHER-- IS JESUS

# PROSPECTUS

Honderde mense wat graag 'n dieper kennis van die Bybel wil hê, sal nooit die voorreg hê om 'n Bybelskool of soortgelyke instituut te kan bywoon nie. Vir diesulkes het ons goeie nuus. Die Internationale Spiritwalk ministries, 'n interkerklike sending, spesifiek gestig om die "back to basics" Evangelie te leer, bied U nou goed gebalanseerde Bybelkorrespondensie kursusse aan.

## Ons Doelstellings

Ons hoofdoelstelling is die geestelike groei van ons studente. Ons gebed is dat soos hulle die Bybel bestudeer, hulle "wys gemaak sal word tot saligheid" en dat hulle God se stem, wat tot hulle harte spreek, sal hoor. Ons glo dat hierdie innerlike geestelike verhouding van die grootste belang vir die Christelike lewe is.

Ons verlang ook dat ons studente 'n basiese kennis van die Bybel sal verkry wat, saam met geestelike intimiteit met God, twee basiese noodsaaklikhede vir Christelike diens is, hetsy as leke-prediker, Sondagskoolonderwyser, Bybelstudie-leier, persoonlike werker of wat ander geestelike aktiwiteite betref.

Kursusse word tweërlei aangebied:

## Los Kursusse

Geen eksamen hoef afgelê te word nie, maar sal vraestele uitgee vir self toetsing.

## Diplomakursus

Honderd en agt kursusse wat in die bestek van min of meer drie jaar gedoen moet word.

## DIPLOMAKURSUS

Dit bestaan uit 12 maande Kursusse wat gekies is om 'n oorhoofse begrip van die Bybel se belangrikste leërstellings te gee. Ons glo dat hierdie kursusse aan ons doelwitte sal beantwoord en die Heilige Gees hierdeur 'n geleentheid sal vind om ons studente die belangrikste geestelike waarhede te leer.

## Die Kursusse

Alhoewel drie jaar aan die hele kursus toegeken is, staan dit u vry om dit in u eie tyd te voltooi. Ons het nie 'n streng tydrooster opgestel nie, omdat alle studente nie dieselfde tyd tot hulle beskikking het nie. Hierdie rooster dien dus slegs as 'n ruglyn sodat die gemiddelde student genoeg tyd het om sy studies te Voltooi.

Spiritwalk BIBLE college

# KURRIKULUM

## I. Eerste Jaar

I. Regverdigmaking – Inleiding tot sommige van die basiese leerstellings van die Christelike geloof.
II. Grondslag Beginsels– 'n Studie oor gebed, Bybelstudie, versoeking, ens. vir die jong Christen.
III. Markus- Belangrike lesse uit die lewe van Christus.
IV. Genesis – 'n Studie wat 'n belangrike agtergrond tot die hele Bybel gee.
V. Bybelgeskiedenis
VI. Offers en Feeste
VII. Ken jou vyand {deel 1}
VIII. 9. Goddelike Leierskap -wat is leierskap-

## II. Tweede Jaar

IX. 5. Geskiedenis van Israel (Deel 1) – Hierdie geskiedenis word as 'n allegoriese beeld van die
X. Christelike lewe, van bekering tot geestelike volwassenheid, gebruik.
XI. 6. Geskiedenis van Palistina (Deel 1)
XII. 7. Jakobus – 'n Praktiese boek wat hulp verleen om die Christelike lewe te leef.
XIII. 8. Romeine – Gee die beste opsomming van die belangrikste leerstellings oor verlossing.
XIV. 9. Eskatologie-Christelike geloof {laaste dae-valse –profete ens.}
XV. Ken jou vyand {deel 2}
XVI. 9. Goddelike Leierskap—neem die leierskap-

## III. Derde Jaar

XVII. 9. Preekkuns –Leer vir ons die beginsels om die boodskap Christus gesentreerd te hou.
XVIII. 10. Heiligmaking – Leer ons hoe ons in ons daaglikse lewe God in alles kan verheerlik.
XIX. 11. Die Tabernakel – Is God se beeld van hoe Hy genader moet word.
XX. 12. Nehemia – 'n Allegoriese studie wat leer hoe om 'n God-gegewe taak te verrig.
XXI. 13. Geskiedenis van Israel (Deel 2)
XXII. 14. Jakobus
XXIII. Ken jou vyand {deel 3}
XXIV. 9. Goddelike Leierskap –lei nou herder-

Spiritwalk BIBLE college

## LOS KURSUSSE

Baie mense sou graag hulp met Bybelstudie wil hê sonder om ‘n eksamen te moet aflê.  Om hierdie rede het ons los kursusse beskikbaar gestel op ‘n doen-dit-self basis.  Behalwe ons diplomakursusse het ons verskeie ander kursusse wat ‘n bepaalde behoefte kan aanvul.

Die beskikbare kursusse hieronder aangegee.  Dit moet in gedagte gehou word dat as “diplomakursusse” bestel word, sommige voortbou op wat reeds in ander geleer is – soos bv. Genesis en Romeine.

1. Bybelgeskiedenis
2. Genesis
3. Grondslag Beginsels
4. Filippense
5. Galasiërs
6. Ester
7. Geskiedenis van Israel
8. Geskiedenis van Romeine
9. Goddelike Leierskap.
10. Handelinge
11. Hebreërs
12. Heilige Gees
13. Heiligmaking
14. Hooglied
15. Jakobus
16. 1 Johannes
17. Josua
18. 1 Korinthiërs
19. Markus
20. Nehemia
21. Nuwe Testament (Inleiding)
22. Offers en Feeste
23. Preekkuns
24. Regverdigmaking
25. Romeine
26. Tabernakel
27. 1 Timotheüs
28. Versoeking
15. Free Masonry

*plus ander onderwerpe * bv. Afgode. GELOWE ,ens.

Daar is dus geen tydsbeperking op die voltooiing van die kursus nie (behalwe vir studente in gevangenisse van wie verwag word om die kursus in die voorgeskrewe tyd te voltooi).

(L.W. Die diploma wat uitgereik word, word deur Apestolic

**<u>Vereistes</u>**

Die kursusse is op die 1933/53 of KJV 1116 Bybelvertaling gebaseer.  As u die nuwe vertaling van 1983 gebruik, moet u bereid wees om toe te laat vir verskille wat dit moontlik moeilik sal maak om ‘n spesifieke vers in verband te bring met die lesings.  Dit word aanbeveel dat, waar enigsins moontlik, u van die “ou” vertaling gebruik sal maak.  Alhoewel die Lewende Bybel of enige ander vertaling of boek vir agtergrond leestof is, beveel ons dit nie as ‘n Studiebybel aan nie.

spiritwalk BIBLE college

**Eksamens**

Vraestelle word saam met die kursusse gestuur. Ons stel voor dat u die kursus ten minste twee keer deurwerk voordat u die Vraestelle oopmaak. Gaan alle verwysings in die Bybel na en maak seker dat u die inhoud verstaan. Die vraestelle kan dan oopgemaak word en die antwoorde kan in die Bybel en die lesing gesoek word. Later, as u seker is van u antwoorde, kan u die vraestel voltooi en aan ons terugstuur. Daar is nog 'n paar kursusse wat as langvrae beantwoord moet word. Hiervoor sal u self papier moet voorsien asb.

# INSKRYWINGS

Studente kan enige tyd van die jaar vir die kursus inskryf. U kan ook besluit of u vir net een jaar of net een kursus op 'n keer wil inskryf.

Indien u vir net een kursus op 'n keer inskryf, moet u asseblief saam met u eksamen-antwoordstel die gelde vir die volgende kursus stuur. Die volgende kursus sal dan onmiddelik gepos word.

Die ekstra koste verbonde aan so 'n reeling is te wyte aan die registrasie van elke posstuk.

As u vir 'n volle jaar inskryf, sal die hele jaar se kursusse per pos aan u besorg gestuur word.

Indien die student in 'n korter tydperk as 'n jaar die kursusse voltooi, kan hulle dadelik hulle geld vir die volgende jaar stuur en met hul studies voortgaan.

As u geen antwoordstelle vir 'n periode van meer as 6 maande instuur nie, sal u naam van die lys van aktiewe studente verwyder word. U mag u studies te eniger tyd hervat deur ons skriftelik in kennis te stel of 'n antwoordstel in te dien.

# GELDE

Die gelde vir die Diplomakursus is R1300 per jaar vir -+36 kursusse.

Vir getroude pare wat saam 'n stel kursusse deel, vra ons 'n spesiale tarief en skryf altwee vir slegs R2275 in. In so 'n geval sal elkeen sy eie eksamen aflê. Om die Bybel saam te bestudeer, is 'n manier om 'n nuwe demensie aan die huweliksverhouding te gee. Ons beveel dit ten sterkste aan.

KOSTES VAN VERORDENING SAL EKSTRA WEES MAAR SAL MET U DIT REëL

INDIEN FINANSIES VERHINDER DAT U STUDEER LAAT ONS WEET EN ONS PROBEER BORG VIND

Spiritwalk BIBLE college

# INSKRYWINGS VORM VIR

# SPIRITWALK BIBLE COLLEGE

NAAM:_________________________________ DATUM_______________

FAMIELIE NAAM [VAN]________________________________

POS ADDRES________________________________ DORP-STAD_____________________

PROFINSIE__________________________________ POS KODE______________________

TEL NO._____________________________________

VERWYSINGS TEL NO. -____________________________ VRIEND –MA- PA-BROER-ENS

BEROEP _____________________________________ OUDERDOM_____

ID NO.______________________________________ WERKGEWER__________________

GETROUD________________________ GESTREMD___________________

KURSUS WAT U IN BELANGSTEL________________________________________

HOEKOM die KURSUS______________________________________________

WAT IS U MIESIE MET DIE KURSES_______________________________________

LANG TERMYN DOELWIT_____________________________________________

WAAR HET U VAN ONS VERNEEM_________________________________________

IS U ROEPING IN JESUS AL AAN U BEKEND____________________________________

INDIEN WEL WAT IS U ROEPING__________________________________________

HET U VERVOER______________________________________________________

VIR KANTOOR GERBRUIK
STUDENTE NO.______________
SUBS NO.__________________

Spiritwalk BIBLE college